AKTUEEL

# HISTORIESE BEWUSSYN EN DIE IDENTITEITSVRAAGSTUK IN DIE GESKIEDENISONDERRIG VAN 'N TOEKOMSTIGE SUID-AFRIKA*

*Prof FA van Jaarsveld*
*Buitengewone Professor in Geskiedenis*
*Universiteit van Pretoria*

## 1. Geskiedenis en geskiedenisonderrig as probleem in 'n omstrede en moeilike vaderland*

Geskiedenisonderrig is tans onder die soeklig, nie net op akademiese vlak nie, maar ook op skool. Dit is nie net onder die soeklig nie, maar het in die situasie waarin die RSA hom tans bevind erg omstrede geword. Die rede vind ons in die aard van die historiese bewussyn wat die belangrikste begrip in die hedendaagse geskiedenisdidaktiek is. 'n Ontleding van die tydstruktuur van die historiese bewussyn bring aan die lig dat dit drie dimensies het naamlik verlede, hede én toekoms. Die bepalende element hierin is die toekoms, want, soos Heidegger dit gestel het, bevestig deur Karl-Ernst Jeismann,[1] is dit die toekoms wat sin en rigting gee aan die vertolking van die verlede en die verstaan van die hede.

Basies is dit die toekoms wat by ons omstrede geword het. Dit gaan tans nie meer om 'n stryd tussen Boer en Brit of Afrikaner en Engelsman om die gestaltegewing en beheer van die toekoms nie, maar 'n stryd tussen wit en swart om politieke opperheerskappy in die komende "nuwe" Suid-Afrika. Die ou Boer-Britstryd wat bepalend was vir die ontstaan en voeding van Afrikanernasionalisme en die interpretasie van die verlede as 'n stryd om vryheid is nou iets van die verlede en slegs nog histories.

* Oorspronklik as 'n voordrag gelewer op die tweejaarlikse konferensie van die SA Historiese Genootskap in Bloemfontein, 15.1.1992.

Dit is grootliks die kollektiewe herinnering aan die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog wat 'n verklaring bied vir die 1948-1991-Apartheidstydperk, republiekwording van die Unie in 1961 en die losmaking van die RSA uit die Statebond. Uit 'n motief van selfbeveiliging is selfbeskermende maatreëls in die stede teen die aanslag van die Engelse kultuur getref asook deur Apartheid teen die opkomende swartdom by die stede. Na 'n militêre nederlaag teen Brittanje in 1902 het die verowerde Afrikaners hulleself ná die ontstaan van die Unie in 'n politieke party, die NP, georganiseer wat die mag in 1948 verower het. Na die militêre nederlae van die Swartes in die 19de eeu het ook hulle oor etniese grense heen in 1912 tot die stigting van 'n politieke party oorgegaan, die ANC, wat tans teenoor die NP staan in die verwagting om die politieke mag binnekort oor te neem. Dit is 'n ontwikkeling wat die tradisionele Afrikanervertolking van die verlede as 'n stryd om vryheid op sy kop stel, die singewing aan die geskiedenis tot hier toe uitdaag en die toekomstige plek van die Afrikaners in die land onder 'n vraagteken plaas. Daar is by dié punt in die geskiedenis aangeland waar die probleem van swart bestemregtiging wat in 1910 na die toekoms verskuif is, sonder versuim opgelos moet word. Dit het tot 'n breuk met die verlede gelei en die tradisionele waardestelsel van die konserwatiewe Afrikaners aangespreek.

In die lig van die nuwe toestand kan gestel word dat die Afrikanerdom wat die land sedert 1948 polities oorheers het, twee groot nederlae in sy geskiedenis gely het, eerstens aan die einde van die 19de eeu teen Brittanje wat die Boererepublieke in Ryksverband ingedwing het,

en tweedens aan die einde van die 20ste eeu teen Afrika wat 'n Afrikaner-RSA deur binnelandse opstand en buitelandse druk gedwing het om in 'n Afrika-RSA met 'n Afrikaverband te verander. Dit sal 'n regerende minderheid in 'n geregeerde kultuurgroep tussen ander groepe omskep, wat die historiese idee van vryheid en onafhanklikheid uitdaag deur die Afrikaners weer eens in 'n posisie van politieke afhanklikheid te bring. Dit sal die grootste verandering in die geskiedenis van Suid-Afrika sedert die koms van Van Riebeeck wees. Dit bring die Afrikanerdeel van die bevolking soos in 1902 nog 'n keer in die Uur-Nul. Soos in 1910 tot 'n vergelyk gekom is met die Britte, so sal daar tot 'n ooreenkoms geraak moet word met die swart meerderheid wat tot die vorming van 'n nuwe staat sal lei - 'n Afrikastaat. Die huidige RSA, tans 'n onvoltooide en onbenaamde Afrikastaat-in-wording sal tot versoening, vredesluiting en 'n ooreenkoms met die inwoners van Afrikaherkoms moet geraak, wat sal lei tot 'n herdefiniëring van hulle posisie en identiteit. Die koms van die "nuwe" Suid-Afrika beteken dat die Afrikanerdom sy historiese posisie van uniekheid of uitsonderlikheid gaan verloor, wat sy geskiedbeeld en historiese identiteit direk aanspreek.

Naas die tradisionele en nou konvensioneelgeworde Afrikaner- en wit geskiedenisvoorstelling wat die blankes se koms, vestiging en uitbreiding as die oopstelling van die Donker Kontinent vir Christendom, beskawing, ordening en vooruitgang teen swart weerstande in en as 'n stryd tussen Boer en Brit vertolk het,[2] vind ons nou 'n nuwe interpretasie naamlik dat die koms van die blankes gelei het tot die verowering, onderwerping en onderdrukking van die inheemse Afrika-inwoners teen wie 'n driehonderdjarige stryd gevoer is om die behoud van die land en die vryheid en wat nou op hulle "bevryding" of emansipasie moet uitloop.[3] Dit bring 'n nuwe sin in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik 'n stryd om swart vryheid, wat die Afrikaners se idee van vryheid en hulle stryd met Brittanje en die Engelse inwoners vervang, aanvul of relativeer.

Soos daar vroeër twee basiese vertolkings in ons geskiedskrywing was naamlik 'n singewing óf vanuit die Boere- en Afrikanervryheidsgedagte óf die Brits-imperiale en liberale standpunt, bestaan daar tans weer twee basiese vertolkings, naamlik vanuit 'n Afrikanernasionalistiese Apartheids- of oorheersingstandpunt soos vergestalt in die huidige geskiedenisleerplanne op skool, en vanuit 'n nasionalistiese swart bevrydingsideologiese standpunt. Daaruit het 'n opposisionele alternatiewe kontra-voorstelling te voorskyn gekom wat die geskiedenistoneel vandag oorheers, naamlik die radikale "people's history" wat wesenlik 'n kolonisering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is. Dit het sowel die bestaande leerplanne as skoolgeskiedenisboeke aangespreek en daaroor word debat gevoer.

Nie dat die gespreksvoering totaal nuut is nie. Reeds in die 19de eeu toe die Britte die Kaap oorheers en geskiedenisleerplanne en -boeke voorgeskryf het wat Brittanje en sy kolonies in die middelpunt van die geskiedenis gestel het, het nasionalisties-denkende Afrikaners in sowel die Kaap as die Boererepublieke 'n Suid-Afrikasentriese en vaderland-middelpuntsoekende geskiedbeeld geëis en praktiese gestalte daaraan gegee. Ook toe lord Milner in 1902 vaderlandse geskiedenis tydelik ten gunste van Brits-imperiale leerplanne verbied het, was daar verset van Afrikanerkant, net soos daar, veral ná 1948, verset was van Engelse kant teen wat toe beskou is as Afrikaner-sentriese geskiedenisleerplanne en skoolboeke wat die Engelse se rol onderbeklemtoon, en hulle as onderdrukkers voorstel en die Suid-Afrikaanse verlede verteken.[4] Dit is 'n natuurlike verskynsel dat die bordjies nou verhang is, en dat selfbewuste swart opvoedkundiges en politici leerplanne en skoolboeke eis wat reg moet laat geskied aan die bydrae van swartmense tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis, onder andere hulle stryd teen Apartheid, wat in die swart onderwyspraktyk om politieke redes weggelaat is.

## 2. Historiese bewussyn die sentrale kategorie van die geskiedenisdidaktiek

Wanneer daar na die Suid-Afrikaanse geskiedenisleerplanne en skoolhandboeke oor 'n tydperk van ongeveer 150 jaar gekyk word,[5] blyk dit dat drie funksies van die historiese bewussyn daarin tevoorskyn kom.

Eerstens 'n legitimeringsfunksie wat as didaktiese doelstelling het 'n binding aan die bestaande orde of dit nou koloniaal of republikeins of Nat of Sap was. Dit was en is nog steeds ingestel op die wettiging of regverdiging van die staat, met ander woorde op

die kweking van lojaliteit teenoor die owerheid en die uiteensetting van sy ideale met die oog op die vorming van staatsburgers, of ook die kweek van patriotisme.

Tweedens 'n oriënteringsfunksie wat die leerlinge vertroud moet maak met hulle omgewing, provinsie of land en dié se plek in die kontinent van inwoning en in die wêreld. Hierbenewens ook 'n oriëntering op die eie groep en sy leefwêreldlike ervaring deur die jare, sy doelstellinge, toekomsdrome en beleid. In die Britse tyd was dit oriëntering op die Ryk; in die Boererepublieke op hulle onafhanklikheidshandhawing en die vryheid, en ná 1934 op die nasionale eenheidsideaal vir Engelsman en Afrikaner. By die NP-regerings was dit legitimering van die Apartheidstaat en oriëntering op die republikeinse gedagte en Afrikanerselfbeveiliging. By die Britte was daar positiewe selfbeelde en vyandbeelde van die Boererepublieke en swart onafhanklike stamme; by die 19de-eeuse Boere en 20ste eeuse Afrikaners vyandbeelde van die Britse imperialisme, onderdrukking en Afrikaner tenagterstelling; by die hedendaagse swartes positiewe selfbeelde van na bevrydings- en vryheidstrewe onderdrukte mense, en vyandbeelde van 'n onderdrukkende Afrikanerregering en die uitbuitende Engelse kapitalisme.

Derdens 'n identiteitsvormende funksie wat ten doel het binding aan die regerende groep, sy kultuur, herkoms, historiese self- en geskiedbeeld en 'n tradisionele waardestelsel. Dit onderskei die self van die ander en differensieer tussen groepe wat op verskillende trappe van die beskawingsleer staan of 'n ander waardesisteem huldig. In die geval van die regerende Afrikaners het die identiteitvindende funksie van die historiese bewussyn sedert 1948 uitdrukking gevind in 'n Afrikanergesentreerde geskiedenisvoorstelling wat "wit" Suid-Afrika teenoor die "ander" Suid-Afrika stel en op verdeling eerder as op vereniging van groepe ingestel is. Die "eie" word teenoor die "ander" bevoordeel. Derhalwe is die huidige leerplanne monolities en spreek van 'n geskiedbeeld uit 'n vergange tyd wat lankal aan relevansie verloor het. Dit reflekteer nie die binne- en buitelandse veranderinge voldoende soos byvoorbeeld deur verstedeliking, getalsverhoudinge en Afrika- en wêreldomkere te weeg gebring is tot op datum nie. Derhalwe dien dit dit die belange van een seksie van die samelewing meer doeltreffend as dié van ander groepe. Dit maak die huidige kritiek daarop verstaanbaar asook die verlange na 'n hersiening en herskrywing van sowel die leerplanne as skoolgeskiedenisboeke.

Die vraag is nou: wat is historiese bewussyn en hoe gaan dit saamhang met nasionale bewussyn en identiteit in die geskiedenisleerplanne van 'n nuwe Suid-Afrika? Hier sal 'n mens toegelaat word om te spekuleer, want die nuwe, apartheidsvrye Suid-Afrika gebaseer op 'n demokratiese en nie-rassige grondwet, moet nog deur onderhandeling tussen swart en wit geskep word. Vae aanduidings vind ons in politieke uitsprake. President De Klerk het in Februarie 1991 verklaar: "Ons moet nog 'n nasie word" en derhalwe gepraat van "our new South African nation". Daar moet nie klem gelê word op dinge wat die komende nasie "verdeel" nie maar wat hom "verenig", want dit moet alle "Suid-Afrikaners" saambring in 'n nuwe nasie.[6] In Maart 1991 lees ons dat dit De Klerk se doel is om Suid-Afrikaners byeen te bring met die oog op groter "nasionale eenheid" en om "'n nuwe nasie op die grondslag van gemeenskaplike waardes en aspirasies" te skep wat "almal" sal "verenig". Daar moet dus "brûe gebou word wat gemeenskappe sal verenig tot "'n enkele nasie" maar wat nie die positiewe aspekte van diversiteit sal vernietig nie.[7]

Dr G.v.N. Viljoen het in Mei 1991 oor die groepsverskynsel gesê: "Because of the historical stigma, present resistance and the heterogeneity of the South African population, definitions of groups based on race were no longer acceptable."[8] Die diversiteit van groepe word dus erken, wat die Suid-Afrikaanse samelewing laat definieer as 'n multikulturele of etnoplurale. Hierdie uitsprake word bevestig deur prof N.G. Garson in September 1988 toe hy op Stellenbosch gesê het: "It is a truism that South Africa is a society that is racially, ethically and culturally diverse. As a consequence we have a diversity of historical traditions and approaches. More than that, we have a divided society, a society in conflict, and included in the conflict are the clashing social and economic interests that characterise the stage of industrial development we have reached."[9] Ter bevestiging hiervan kan die uitspraak van dr Denis Worrall in 1986 hierby gevoeg word: "We are not really one nation and do not have a single received history or one single set of heroes."[10]

In 1991 het dr Mandela verklaar dat hy 'n visie wil realiseer van "a single, united South African nation" en: "although race and ethnicity were relevant, they were not the exclusive elements of identity."[11] Hierteenoor het dr Treurnicht die idee van 'n enkele Suid-Afrikaanse nasie wat almal insluit, verwerp en verklaar dat 'n multikulturele konsep in die onderwys vir hom onaanvaarbaar is.[12]

Die soeke na 'n verenigde nuwe nasie bestaande uit swart en wit, herinner aan die huidige probleme met die koms van 'n verenigde Europa wat - so is dit gedefinieer - uit 'n "plurale" of "multi-etniese" samelewing bestaan, en waar geworstel word met die probleem van 'n toekomstige historiese bewussyn en identiteit: Moet byvoorbeeld op skool die geskiedenis van "Europeërs" in 'n "Europese" staat geleer word, of sal dit uit 'n konglomoraat van "nasionale" of "eie" geskiedenisse bestaan? Dáár word multi-etnisiteit as "'n natuurlike verskyningsvorm" van die menslike bestaan getipeer en van multikulturaliteit as 'n veelvoud van diverse kulture gepraat, wat gelyktydig naas mekaar bestaan maar ingebed is binne die raamwerk van "Europa", wat dus 'n "plurale identiteit" of 'n bundel identiteite onder die oorkoepelende naam "Europees" sal hê.

Dat daar skeptisisme by die deelstate bestaan, blyk byvoorbeeld uit mev M Thatcher se vrees van identiteitsverlies: "Europa sal sterker wees, juis omdat Frankryk as Frankryk deel daarvan deel is, Spanje as Spanje, Brittanje as Brittanje, elk met sy eie gebruike, tradisies en identiteite". Dit sal dwaas wees, aldus Thatcher, "om hulle in 'n Europese patroon-persoonlikheid te dwing".[13] Hoewel die deelnemende gemeenskappe of nasies van Europa elk met sy eie taal deur staatsgrense van mekaar geskei word, wat nie die geval in Suid-Afrika met sy gelyktydige naasbestaan van 'n diversiteit van etniese of kultuurgroepe is nie, bestaan daar tussen beide 'n algemene deler: multi-etnisiteit en multikulturaliteit wat probleme teweegbring by die onderrig van geskiedenis, veral omdat die één geskiedenis gemeenskaplik aan almal, hom op verskillende wyses laat interpreteer, afhangende van die standpunte van die deelstate of groepe. Naas die "eie" of "nasionale" geskiedenisse in Europa bestaan daar 'n "algemene" Europese geskiedenis soos daar in Suid-Afrika ook "eie" geskiedenisse van etniese of kultuurgroepe naas 'n "algemene" Suid-Afrikaanse geskiedenis bestaan.

Die vraag is hoe gaan "eie" geskiedenisse op skool en universiteit met die "algemene" versoen word? Gaan die eie deur afdwingbare leerplanne van 'n nuwe regering in 'n tans-etniese klassegeskiedenis verdwyn, sou die staat onder die invloed van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika sosialisties of Marxisties word? Die ware geskiedenis sal dan 'n klassegeskiedenis wees van die bevrydingstryd soos dit in 1945 die geval was in die kommunistiese Oos-Duitsland. Wat voorafgegaan het sal tot 'n onbenullige "voorgeskiedenis" gereken word. Die leiers van die bevrydingsbeweging sal die nuwe helde wees wat tot die nederlaag van Apartheid en die kapitalisme bygedra het. Aangesien die ANC geensins beskerming van minderheidsgroepe wil toelaat nie, verwerp hy die idee van multikulturalisme ten gunste van 'n "nie-rassige" eenheidstaat. Alles wat aan etnisiteit herinner word met "ras" en "rassisme" geassosieer en is dus onaanvaarbaar. Daarom is volgens 'n verteenwoordiger van die ANC "multiculturalism in history teaching" onaanvaarbaar[14] want dit kan voortgesette apartheid verskuil. 'n Nuwe soort geskiedenis word vereis, naamlik die NECC se "alternative history", wat wesenlik 'n ideologiesgefundeerde "people's history" is. Dit word op die klasbeginsel van die sosialisme gebaseer, en is 'n anti-heersersgeskiedenis, 'n "history from the bottom up".

Tot ongeveer 1983 - dit word nog weerspieël in die huidige geskiedenisleerplanne - het die NP-regering opgetree asof die Afrikanerbeheerde RSA 'n volksnasie is (in 1948 het die "volk" tot "staat" geword) wat 'n illusie blyk te gewees het, want die land is veelvolkig of multi-etnies. Suid-Afrika was ook nie 'n kultuurnasie nie, want daar bestaan 'n diversiteit van kulture en hy is dus multikultureel. Hoewel die moontlikheid bestaan dat die "nuwe" Suid-Afrika in 'n Marxistiese-georiënteerde klassenasie verander kan word, was die staat tot dusver 'n eensydige staatsburgerlike nasie. Die rede is dat die swartmense nog nie die stemreg geniet en dus nog geen seggenskap in staatsbeslissinge het nie. Moontlik kan 'n staatsburgerlike nasie in die toekoms tot stand kom soos sowel deur De Klerk en Mandela in die vooruitsig gestel word. Moontlik kan ook chaos en anargie, intree, 'n burgeroorlog uitbreek of 'n militêre staatsgreep toegepas word sou onderhandelings nie slaag nie, en 'n tyd van troebele die politieke toneel bly

oorheers. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat 'n staatsburgerlike nasie die eindresultaat van komende onderhandelings sal wees. Daarin sal die Afrikaners en alle blankes onderdane wees wat hulle gewaande wit nasionale staat van vroeër kwytgeraak het.

Die verstelling van die tradisionele toekomsperspektief van apartheid tot integrasie of magsdeling het tot 'n legitimeringskrisis, 'n oriënteringskrisis en 'n identiteitskrisis vir alle inwoners gelei. Die bestaande leerplanne het die apartheidsamelewing gelegitimeer, die leerlinge op die staatsordening georiënteer en 'n wit of Afrikaneridentiteit - nie 'n Suid-Afrikaanse nie - bevorder. Tans is die matjie eenskaps onder die voete uitgetrek en hang die leerplanne in die lug. Dit beteken wesenlik 'n nederlaag vir die tradisionele waardestelsel van die Afrikaners waarop sowel die vorige drie grondwette as die geskiedenisleerplanne gebaseer was. Die nuwe toekomsperspektief het 'n krisis teweeg gebring, want die mense weet nie meer wat om van die toekoms te verwag, of hoe om die verlede te interpreteer en die hede te verstaan nie. In die krisissituasie veroorsaak deur die groot historiese omslag van ons tyd, het dus verwarring ingetree wat nie sal verdwyn voordat 'n nuwe grondwet die vertroue herstel of sekerheid gebring het nie. Vandaar ook die omstredenheid van die geskiedenis. Geskiedenisonderrig het te staan gekom tussen die politiek en pedagogiek, ly onder 'n onsekere waarde-oriëntering en laat die gedagte ontstaan dat wie die geskiedenis besit, moontlik ook die toekoms besit.

Die vraag is of daar 'n gemeenskaplike historiese bewyssyn deur middel van die geskiedenisonderrig in die nuwe Suid-Afrika geskep kan word. Die probleem is dat, net so min as wat daar één Suid-Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing bestaan - dit is altyd bundeling van verskillende beskouinge - net so min kan daar één historiese bewussyn wees : dit is 'n bundeling van historiese bewussyne wat groepsgebonde is. Tog is die begrip historiese bewussyn volgens Karl-Ernst Jeismann[15] vandag die sentrale kategorie van die geskiedenisdidaktiek, bevestig ook deur Jörn Rüsen,[16] en behoort dit die geval ook in die nuwe Suid-Afrika te wees. Dit is 'n kategorie wat hier nie die aandag gekry het wat dit verdien nie. Hier is dit 'n bundeling van geskiedenisbewussyne onder die algemene deler "Suid-Afrika" wat één geskiedenis het, hoewel dit uit verskillende standpunte verskillend vertolk word. Dit suggereer dat daar nie net één historiese waarheid bestaan nie, maar dat die waarheid 'n sintese van deelwaarhede is.

Geskiedenisbewussyn as kollektiewe herinnering is 'n sentrale element van 'n gemeenskaplike identiteit, hoewel divers of pluraal. Dit is 'n vorm van selfdefinisie, 'n oriënteringshulp in die hede wat na selfbegrip lei. Dit weerspieël wat in ons huidige bestaan van betekenis is. Die omgang met die verlede word sowel deur die hede as die toekoms bepaal. Die geskiedbeeld van 'n groep stem altyd ooreen met die histories-politieke ontwikkelinge, is veranderbaar en word met verloop van tyd met verskillende inhoude gevul of aangepas. Historiese bewussyn is ook 'n element van die vertolking van die verlede en 'n seleksie van denkbare toekomsperspektiewe. Dit is 'n komplekse samehang van herinneringe aan die verlede, verstaan van die hede en verwagting van die toekoms, wat nie los staan van die begrip historiese identiteit nie. Dit moet onthou word dat elke tydperk sy verhouding tot die geskiedenis telkens opnuut definieer. Daar steek altyd 'n politieke faktor in die historiese bewussyn. Onder 'n nuwe, moontlik swart beheerde staat, sal geskiedenis op skool nie meer 'n heerskappy-instrument van Apartheid wees nie. In die hand van die reaksionêre politikus kan 'n geskiedbeeld 'n skerpgeslypte wapen word om die oue te vernietig en iets anders in die plek daarvan te stel. As die leerlinge deur nuwe leerplanne blootgestel gaan word aan 'n visie wat die blankes as "settlers", vreemdelinge, uitlanders, veroweraars, onderdrukkers en uitbuiters in hulle eie land voorstel, waarteen van die begin af deur swartmense "weerstand" gebied en 'n vryheidstryd ter behoud van die land en die vryheid gestry is, kan reaksie verwag word wat eerder tot verdeeldheid as tot eenheid sal lei, soos dit die geval was in die Boer-Britstryd. Die Afrikaners se vryheidsbegrip sal dan gerelativeer en die sin uit hulle tradisionele geskiedenisvoorstelling geneem word.

Kom ons by die behandeling van die omstrede tydperk van 1948 tot die nuwe grondwet in werking sal tree, kan gevra word hoe dit aan wit en swart leerlinge voorgestel gaan word. In die historiese bewussyn van swartmense mag dit herinneringe oproep van tenagterstelling, diskriminasie, onderdrukking en hulle uitsluiting van die stemreg. By blanke leerlinge mag dit dan 'n bewussyn wek van 'n immorele optrede van die voorvaders wat weens die

skending van menseregte veroordeel moet word. Dit kan óf tot die verdringing van 'n stuk verlede óf 'n ons-wil-nie-daarvan-hoor-nie houding laat inneem. Groepe is nie 'n produk van die natuur nie, maar van die geskiedenis. 'n Volk of kultuurgroep kan nie 'n deel van sy geskiedenis wat moontlik onaangenaam kan wees, verwerp of verbygaan nie: Dit is deel van sy historiese erfenis. Sy geskiedenis is soos 'n boom wat van die wortel tot die kroon een geheel vorm.

Hoe fungeer die historiese bewussyn as die sentrale begrip van die didaktiek? Die pad van die geskiedenisonderrig is met dubbeltjies bestrooi. In die Europese verband het K-E Jeismann erken dat kultuurgroepe met eie geskiedenisvoorstellings, historiese ervarings en tradisies, nie weggedink kan word nie. In die leerplanne, skoolboeke en onderrigmetodes van 'n multikulturele samelewing behoort die verlede multi-perspektiwies benader te word. Dit beteken dat waar die gemeenskaplike geskiedenis bestudeer word en daar vertolkingsverskille bestaan, al die kante tegelyk aangebied moet word, sodat die leerling op grond van redelikheid en menslikheid tot 'n eie gevolgtrekking kan geraak. In die didaktiek moet dus van die subjek van die leerling uitgegaan word, en nie reeds vertolkte feite as vasstaande op hom afgedwing word nie, wat oogklappe sal beteken. Jeismann praat van die "Aufklärung" van die historiese bewussyn as die leerling teenoorgestelde standpunte uit dokumente of geskiedenisboeke saam met die onderwyser ondersoek, wat sowel die gebeurtenis opklaar as die motiveringe en insig van die skrywers blootlê. Dit sal die gedagte bybring dat historiese oordele nooit finaal is nie en dat 'n gebeurtenis verskillend vertolk kan word. Dit sal ook 'n sosiale waarde hê omdat dit tot 'n begrip sal lei van die groep wie se nasate vandag 'n saambestaan met ander groepe voer. Kunde is hier belangrik terwyl empatie 'n middel tot begrip van die verlede word. Dit vereis 'n aktiewe meewerking van die leerling of student, wat geleer word om te dink en nie net te memoriseer nie. Deur die kweking van 'n historiese bewussyn word hy geleer om die wêreld om hom as 'n gewordene te sien en daarvan bewus te wees dat ook die hede en toekoms betrek word in die siening van die verlede. Deur die reg op 'n standpunt by ander te erken, word verdraagsaamheid en verantwoordelikheid by toekomstige staatsburgers geskep.

## 3. Identiteit tussen politiek en pedagogiek: identiteitsvorming een van die grondliggende doelstellinge van die menslike ontwikkeling

Inherent aan die historiese bewussyn is die vorming van identiteit wat ook 'n sleutelbegrip in die moderne didaktiek en geskiedeniskultuur is. In die nuwe Suid-Afrika sal dit 'n belangrike rol in die geskiedenisonderrig speel. Die mens wil weet wie hy is, waar hy vandaan kom en waarheen hy onderweg is. Jörn Rüsen is oortuig dat historiese bewussyn die antwoord van die geskiedenisdidaktiek is op die uitdaging van die ontwikkeling van 'n positiewe historiese identiteit.[17] Hy gaan uit van Jeismann se bevinding dat die vorme, inhoude en denkpatrone van die historiese bewussyn van persoon tot persoon en van groep tot groep van mekaar verskil.[18] Identifiserings- en regverdigingsbehoeftes stempel die elementêre sosiale krag van die historiese bewussyn: dit bevat 'n emosionele element. Vervalsinge en eensydighede in die geskiedenisonderrig kan afgebreek word, maar daar moet gewaak word om dit nie te vervang met nuwe mites en wanvertolkings nie, wat aanstoot sal gee veral waar 'n tradisionele waardesisteem wat binne 'n nuwe staat fungeer, aangespreek sal word. Die heroriëntering van die geskiedenisbewussyn deur nuwe leerplanne wat 'n maatskaplike funksie moet vervul, vereis nuwe aanlope tot en insig in die verlede, wat op 'n herbouing van die tradisionele geskiedenisvoorstelling neerkom.

Wat verstaan ons onder die identiteitsdimensie van die historiese bewussyn? Dit het te doen met die vraag hoe die mens homself verstaan. Naas 'n indiwiduele identiteit bestaan daar ook 'n kollektiewe identiteit, wat deur selfkonsepsie en eiewaardegevoel 'n eenheid vorm en saamhang met 'n nasionale bewussyn. Identiteit is 'n algemene vorm van selfdefinisie, sowel indiwidueel as gesamentlik. In 'n heterogene samelewing bestaan daar nie 'n ondeelbare nasionale gelykvormigheid soos by 'n homogene nasie nie. Die nuwe Suid-Afrika sal 'n komplekse samehang wees met 'n groot verskeidenheid groeperinge, dit is 'n konglomoraatnasie wat uit 'n bundel identiteite bestaan. Identiteit is die som van ons oriënteringskennis, want identiteit en oriëntering is twee kante van dieselfde medalje. Die oriëntering gaan na drie kante toe uit: die verhouding tot die verlede - geskiedenis vorm

identiteit soos dit die geval na die Anglo-Boereoorlog was. Dit het te doen met 'n sosiale en politieke plekbepaling, dus ook die hede vorm identiteit. Derdens gaan dit om die verwagtinge en ideale vir die toekoms, dus ook die toekoms vorm identiteit. Hiervan getuig die republikeinse ideaal voor 1961.

Identiteitsvorming is een van die grondliggende doelstellinge van die menslike ontwikkeling. In die afgelope kwarteeu het dit 'n blywende plek in die pedagogiese wêreld verkry en een van sy leidende kategorieë geword, waaroor in die Weste dikwels gesprek gevoer is.[19] Selfbewussyn en identiteit impliseer 'n wete van 'n eie herkoms en geloof in die toekoms. Om identiteit te hê beteken dus om perspektief te besit. As 'n volk of groep nie meer weet hoe hy tot sy verlede staan nie, kan hy maklik in die hede struikel, dan het hy 'n identiteitsprobleem, want sy historiese kultuur en lewenswyse versterk sy identiteit. Identiteit kan nie van buite af opgedring of afgedwing word nie, dit word deur die mens van binne-uit gekonstitueer. Gedwonge en gebrekkige identiteitsvorming kan na patologiese afwykings lei. Daarom dat die Afrikaners 'n Engelse paranoia ontwikkel het. Somerset, Chamberlain en Milner is altyd onthou oor die aantasting van Afrikaneridentiteit veral ná 1820 en 1902. Daarom dat Afrikaner-nasionalisme en -identiteit 'n afwerende en ingeboude negatiewe element bevat het, wat dit algaande laat verswak het namate daar veral ná 1961 nie meer 'n imperialistiese vyand of Engelse opposisie was om teen te veg nie. Die afdwinging van 'n kunsmatiggevormde identiteit kan na persoonlikheidsversteurings en selfvervreemding by 'n leerling lei. In die nuwe Suid-Afrika sal Afrikaneridentiteit onder 'n swart bewind - al sou Afrikanerleiers daaraan deel hê - nie meer soos vroeër 'n vanselfsprekendheid wees nie. In die 20ste eeu is dit gestempel deur die oorlogsnederlaag van 1902, die konsentrasiekampe en Milner se denasionaliseringsbeleid wat 'n heropvoeding tot lojale Britse staatsburgers in die visier gehad het. 'n Mens kan verwag dat met die likwidering van die Afrikaners se Apartheidstaat en hulle opname in 'n nuwe Afrikastaat onder 'n swart meerderheidsregering daar opnuut identiteitsprobleme kan ontstaan.

Elke identiteitsvorming begin met 'n afgrensing van die "ek" of die "eie" van die "ander". Ek ken my slegs as ek my van ander onderskei. As die "eie" in 'n "nie-rassige" Suid-Afrika opgegee moet word, die beginsel van multikulturalisme verwerp en geen kulturele outonomie toegelaat gaan word nie, dit wil sê 'n pluraliteit van etno-kulture verwerp word kan 'n mens verset verwag. As 'n ideologie van gelykmaking deur 'n soort "kultuur-rewolusie" afgedwing gaan word wat konformisme of eenselwigheid vereis en kultuurrelativisme verwerp word, gaan die nuwe staat stabiliteitsprobleme ondervind. 'n Mens kan hier verwys na die strewe na uiteenbreking van die "Oosblok" in 1990-92 en die strewe na kulturele en politieke outonomie in Rusland en Joegoslawië waar etniese konflikte ontstaan het en kritiek uitgespreek word teen die Marxistiese en kommunistiese konformiteits- en nivelleringsdwang. Dit lyk of in Suid-Afrika tans die teenoorgestelde rigting ingeslaan word, naamlik die vereniging van die diverse bevolkingsgroepe in 'n nuwe nasie en eenheidstaat. Dit herinner aan die poging ná 1910 om versoening tussen en vereniging van Boer en Brit te bewerkstellig - die "nasionale eenheidsbeleid" (waarteenoor Hertzog sy tweestroom-beleid geformuleer het), 'n ideaal wat tot 1961 ongeslaagd was.

Identiteit is 'n veranderlike begrip. 'n Mens hoef maar net na 'n historiese atlas van Suid-Afrika te kyk om te besef dat die wit bevolking verskillende identiteite deur die jare gehad het - van 'n Hollandse tot 'n Engelse, en van 'n Boere- tot 'n Afrikaneridentiteit, van 'n uniale identiteit met Britse onderdaanskap tot 'n Suid-Afrikaanse en republikeinse burgerskap ná 1957 en 1961. Teenoor Botha, Smuts en Hertzog se ideaal van "Suid-Afrikanerskap" vir die twee wit "rasse" of bevolkingsgroepe (die gekleurdes het nog daarbuite gestaan in 'n wêreld waarin hulle nie internasionale status gehad het nie) het kultuurleiers soos Tobie Muller en NJ Brummer "Afrikanerskap" gestel en politieke leiers die begrip "volk" bo "nasie" verkies, waaroor 'n heftige politieke stryd gevoer is. In 1941 het G.H. Calpin bevind "There are no South Africans",[20] bevestig deur Allen Drury in 1967 met sy boek "A very strange Society.[21] In die 1950-bevolkingsregistrasiewet is die Suid-Afrikaanse identiteit opgesplits in 'n blanke-, kleurling-, Asiate- en swart-identiteit bestaande uit etniese groepe soos Xhosas, Zoeloes, Sotho's en Venda's terwyl die intern gedekoloniseerde swart nasionale state selfs hulle Suid-Afrikaanse burgerskap verloor het. Op skool is hierdie staatsordening - die "nuwe bedeling" vir "nie-blankes" deur middel van die geskiedenisleerplanne en handboeke geregverdig.

'n Mens kan verwag dat in die "een nasie-staat" van die komende "nuwe" Suid-Afrika die identiteitsvraagstuk sterk na vore sal tree, afhangende van 'n nuwe benaming vir die nuwe Afrikastaat (Azanië, Mensanië, Maluti, ensovoorts, ons weet nog nie) wat 'n oorskakeling van die ou "Suid-Afrikaanse" identiteit na 'n totaal nuwe kan impliseer. Veronderstel dat dit "Suid-Afrikaans" bly, sal dit 'n "nasionale" identiteit wees wat die historiese of voorafgegewe identiteite in hulle diversiteit moet verenig. Daaronder sal iemand hopelik 'n "Suid-Afrikaner" kan wees as 'n Afrikaner, as 'n Engelsman, as 'n Zoeloe, Xhosa, Sotho, ensovoorts.

Dit bring ons terug na die samehang van die begrippe historiese bewussyn en identiteit in die pedagogiek. Die ideaal vir 'n gemeenskaplike identiteit sal wees om alle leerlinge tot gelyke "Suid-Afrikanerskap" sodanig op te voed dat daar wedersydse respek vir mekaar sal bestaan. Die historiese realiteit wil dit hê dat so 'n gesamentlike identiteit uit 'n bundel identiteite onder 'n staatsburgerlike nasie sal bestaan, dit wil sê 'n multi-etniese identiteit. Mense uit drie kontinente in verskillende landstreke deel dieselfde vaderland en is dus op mekaar in 'n soort interafhanklike, simbiotiese bestaan aangewese: een groep kan nie sonder die ander klaarkom nie, derhalwe sal die nuwe identiteit 'n sintese van onderdele moet wees - dus 'n eenheid-in-diversiteit.

As daar 'n enkele geskiedenisleerplan vir die hele land sal wees, sal daar tot 'n sintese gekom moet word van verskillende tradisies, met ander woorde, die bydrae van groepe tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf die begin tot hede, moet in 'n ewewigtige leerplan sonder die bevoordeling van een groep bo 'n ander aangebied word. Daar kan waarskynlik ook 'n soort "neutrale" geskiedenisleerplan anderkant die politiek aangebied word. Wat egter nie uit die oog verloor sal moet word nie is die reeds genoemde multi-perspektiwiese benadering waarin die leerlinge gelei moet word om self 'n geskiedbeeld te vorm, dus 'n historiese bewussyn te ontwikkel. 'n Pluraliteit van standpunte, vertolkings en perspektiewe kan vormend en verrykend wees. Dit sal die veelkleurige kleed van die nuwe nasie voor oë hou en verdraagsaamheid en 'n gevoel van verantwoording kweek. Nie dat daardeur kaalvoetgeskiedkundiges gevorm moet word nie.

'n Probleem kan ontstaan wanneer 'n "winner takes all"-houding by swart politici en opvoedkundiges tot leidraad geneem word by die opstelling van nuwe leerplanne waarin die geskiedenis van Suid-Afrika struktureel sodanig hervertolk en herskryf kan word dat die bydrae van die blanke deel van die bevolking ten agter gestel, verklein en selfs as "rassisties" verkleineer word asof hulle slegs indringers, onderwerpers en oorheersers was wat uiteindelik oorwin en gelikwideer is. Dit wil sê dat die algemene geskiedenis van 'n nuwe kern voorsien sal word, dié van suksesvolle weerstand en bevryding oor 'n lang tydperk heen, óf dit kan die geskiedenis laat begin by die 20ste eeuse swart weerstandbeweging met uitsluiting van die voorafgaande as bloot 'n stukkie "voorgeskiedenis" by die totstandkoming van die nuwe Afrikastaat.

Daar is baie gemeenskaplikhede tussen wit en swart geskiedenis wat by die vorming van 'n "Suid-Afrikaanse" identiteit bruikbaar kan wees om byvoorbeeld daaraan te dink dat Afrikaans 'n taal is wat in Afrika ontstaan het en dat die blankes die land oor baie eeue heen as vaderland aanvaar het. Daar is gemeenskaplikhede in die stryd om onafhanklikheid en selfhandhawing teen die Britse imperialisme in die 19de eeu om byvoorbeeld aan die verowering en inlywing van swart en Boeregebiede te dink waarteen sodanig weerstand gebied is dat 'n Majuba en Isandlhwana tot vandag toe in herinnering gehou word. Daar kan ook op gewys word dat die Groot Trek die eerste geval van dekolonisasie in Afrika was met gevolglike aanvangsprobleme wat aan dié van geëmansipeerde Afrikastate herinner, of dat die Unie lank voor die Afrikakolonies in 1926 al ontvoog is. Daar was die gemeenskaplike verstedelikingsproses van swart en wit onder die aanslag van industrialisasie en modernisering waarin beide groepe onder die kapitalisme gely het en naas 'n armblanke - ook 'n armswartprobleem. By die Afrikaners van vroeër was daar ook 'n strewe om die stemreg in die Britse kolonies te bekom. Soos die swartes na vrywording van blanke oorheersing gestreef het só Afrikaners van die Britse imperiale konneksie. Hierby kom dat beide blankes en swartes in die 20ste eeu deur die ideologie van nasionalisme beweeg is.

Dit is ook belangrik om te weet dat tot ongeveer 1961 die gekleurdes van Afrika en Asië onder blanke wêreldoorheersing gestaan, en dus wêreldwyd in 'n ondergeskikte posisie verkeer

het. Eers met die verswakking van Europa en die val van wit oorheersing as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog, het die volke van Asië en Afrika gelyke status met die blankes verkry, wat hulle 'n rol in wêreldliggame toebedeel het. Dit sal dus eensydig wees en van 'n omgekeerde rassisme getuig as die blankes van die nuwe Afrikastaat as veroweraars, vreemdelinge, setlaars of gaste in 'n swart vaderland voorgestel word. Hulle koms op verskillende tye kan in verband gebring word met 'n wêreldwye uitswerming en vestiging in ander kontinente - in die geval van Suid-Afrika dus die koms van medeburgers wat 'n belangrike rol in die ekonomiese ontwikkeling en infrastruktuur van die land gespeel het.

Die wysheid van 'n Salomo sal nodig wees om wedersyds aanvaarbare leerplanne en handboeke op te stel. As die verhouding van swart tot wit bepaal moet word deur "griewe" wat onder Apartheid ontwikkel het, wat as "oorsake" vir "gewapende weerstand" en die "bevrydingsstryd" moet dien, soos dit die geval was met die "stryd tussen Boer en Brit" waarin deurentyd op die "griewe" van die Voortrekkers, die "oorsake" van die Groot trek (ook 'n vorm van verset) en die Anglo-Boereoorlog in die belang van Afrikaner-nasionalisme en identiteitsvorming gekonsentreer is, kan 'n mens nogeens verdeeldheid in plaas van "nasionale eenheid" verwag. As die multi-perspektiwiese en empatie-beginsel in ag geneem word, kan gestel word dat, soos die Oosgrensboere se griewe teen die Britse owerheid hulle in opstandige Voortrekkers verander het wat die Britse juk in die belang van vryheid afgeskud het, só het swartmense griewe onder 'n Afrikaner-owerheid ontwikkel wat hulle in "vryheidsvegters" verander het. Soos daar oorsake vir die Groot Trek en Anglo-Boereoorlog was, só ook oorsake vir die swart verset, rewolusionêre optrede en 'n bevrydingstryd wat ná die nederlaag van Apartheid op die nuwe Suid-Afrika uitgeloop het. Die alternatief sal wees dat 'n ontevrede groep sy "eie" geskiedenis kan privatiseer en dit in private, in teëstelling met staatskole aanbied, soos dit die geval onder Milner was.

Al sou daar teenoorgestelde vertolkings van die vryheidstrewe by wit en swart wees, kan op grond van die nuwe konstitusie op 'n gemeenskaplike waardestelsel en 'n handves van mense- of groepsregte stelling ingeneem word, wat onderlinge begrip kan bevorder al sou die herkoms en ervaring van groepe dan ook uiteenloop. Dwarsdeur die geskiedenis van die mensheid was daar heersers en oorheersers, rykes en armes waarop Suid-Afrika nie 'n uitsondering was of is nie.

By die pedagogiek en didaktiek moet 'n historiese bepaaldheid by die vorming van 'n sosiale of kollektiewe identiteit in ag geneem word en dié bepaaldheid moet positief wees. Daar kan uit die foute van vorige geskiedenisleerplanne en handboeke geleer word. Solank daar 'n diversiteit van kultuurgroepe binne 'n eenheidstaat bestaan, sal daar 'n drang na eie identiteite naas die vorming van 'n algemene staatsburgerlike identiteit wees. Terwyl die vorming van 'n persoonlike identiteit op mondigwording van die leerling of student afstuur, behoort die sosiale identiteit te berus op die beginsel van behoort tot 'n groep en staat, op maatskaplike binding en geborgenheid in die besondere gemeenskappe.[22] Dit behoort ook af te stuur op die verantwoording aan die eie bestaan en 'n verantwoordelikheidsgevoel teenoor die onderskeie kultuurgemeenskappe wat in 'n gemeenskaplike vaderland op die basis van vrede, verdraagsaamheid en samewerking gelyktydig naas- en met mekaar moet saamlewe. Die verskeidenheid van groepe moet in die pedagogiek en didaktiek as 'n historiesgegewe werklikheid fungeer en na waarde geskat word.

Wanneer konsensus oor ewewigtige en multiperspektiwiese leergange deur opvoedkundige verteenwoordigers van alle belanghebbende kultuurgroepe bereik en handboeke saamgestel is, behoort dit wedersyds getoets te word met die oog op die uitskakeling van alle moontlike vooroordele. Die vorm wat die leerplanne kan aanneem kan óf 'n enkele gerekte wees met wye keuse óf 'n geregionaliseerde,[23] in ag nemende die uiteenlopendheid van streeksbelange en die behoefte aan identiteitsfundering. Geskiedenisonderrig, historiese bewussyn en identiteitsvorming kan nie van mekaar geskei word nie. Daarvoor sal voorsiening gemaak moet word of 'n tipe niksseggende "neutrale" leerplan sal sonder opvoedkundige waarde wees en platval.

**VOETNOTE**

1 K-E Jeismann, Geschichte als Horizont der Gegewart, Paderborn, 1985, p. 16.

2 Kyk F.A. van Jaarsveld, Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede, Johannesburg, 1984 en "Hervertolking in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing" (TVG 29/4, Des. 1989).

3 L.M. Thompson, A History of South Africa, Sandton, 1990.

4 F.A. van Jaarsveld, "Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis" (Historia 34/2, Nov. 1989), pp. 5 - 8.

5 Kyk R.E. Chernis, "The past in service of the present: A study of South African school history syllabuses and textbooks 1839-1990 (Yesterday and Today 21, April 1991), pp. 12-23, 'n opsomming van 'n D.Phil-dissertasie onder dieselfde titel, U.P. 1990, 388 pp.

6 Aangehaal in Citizen, 4.2.1991, p. 3.

7 Aangehaal in Citizen, 11.3.1991, p. 15.

8 Aangehaal in Citizen, 18.5.1991, p. 8.

9 Ondergebring in 'n voorlopige verslag van die S.A. Historiese Vereniging se kommissie vir die ondersoek na die stand van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Garson se bydrae is "South African Historians and the call for objectivity," 19.9.1988, p. 4.

10 Sunday Times, 6.7.1986, p. 27.

11 Aangehaal in Citizen, 19.7.1991, p. 3 en 18.5.1991, p. 8.

12 Aangehaal in Citizen, 23.3.1991, p. 5.

13 Aangehaal in Beeld, 2.12.1988, p. 11.

14 Bruce Mohamed, "Alternative history as a response to multiculturalism in history teaching" (Gister en Vandag 21, April 1991), pp. 24 - 27.

15 K-E Jeismann, "Geischichtsbewusztzein" (Bergmann, Kuhn, Rüsen en Schneider, Handbuch der Geschichtsdidaktik, Düsseldorf, 1985), p. 42.

16 J Rüsen, "Historical education in a multi-cultural society" (Gister en Vandag 21, April 1991), p. 6.

17 Ibid, pp 2 en 6.

18 Handbuch der Geschichtsdidaktik, Düsseldorf, 1985), pp. 40 - 43.

19 Friedrich Schweitzer, Identität und Erziehung, Weinheim, 1985, p. 19.

20 G.H. Calpin, There are no South Africans, Londen, 1941, p. 7-34.

21 Allen Drury, "A very strange Society - A journey to the heart of South Africa", Londen, 1967.

22 Kyk Friedrich Schweitzer, Identität und Erziehung, Weinheim 1985, pp. 111 - 112; Bodo von Borries, Geschichtslernen und Geschichtsbewusztsein, Stuttgart, 1988, pp. 5 en 95 en Hans-Ulrich Wehler, Aus der Geschichte lernen?, München, 1988, pp. 11 en 19.

23 F.A. van Jaarsveld, "Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis" (Historia 34/2, November 1989), pp. 20-21.